**MURIEL BRANDSKOOL / SCHOOL**

**Tel (011) 817-9300 Fax (011) 817-3856**

**E-pos / E-mail: info@murielbrand.co.za**

---

**Omsendbrief 1/2025** **17 Januarie 2025**

Geagte ouers

1. Voorspoedige 2025 aan u almal. Baie welkom terug by die skool, veral aan die nuwe leerders wat by ons aansluit.

2. **MATRIEKUITSLAE:** Baie geluk aan al ons matrieks van 2024 met die 100% slaagsyfer! Harde werk is beloon. Baie dankie aan al die personeel vir u toewyding en harde werk.

3. **FINANSIES:** Dit is weer tyd om skoolfooie te betaal. Ons poog om ons fooie so laag as moontlik te hou, maar ons is afhanklik van u bydrae om die skool behoorlik te laat funksioneer. Ons doen dus 'n beroep op alle ouers om hulle skool – en koshuisfooie gereeld te betaal. Die volgende bedrae is deur ouers goedgekeur op die Algemene Jaarvergadering aan die einde van 2024:

   **Skoolfooie:** R13 000.00 per jaar (R1 300 per maand, betaalbaar oor 10 maande).
   **Belangrik:** - Ouers wat die volle bedrag vir die jaar betaal voor **31 Maart**, kry 10% afslag.
   - Rekeninge wat meer as 90 dae agterstallig is, word aan ons skuldinvorderaars oorhandig.

   **Koshuisfooie:** R13 500 per jaar (R1 350 per maand betaalbaar oor 10 maande)
   **Belangrik:** - Indien die volle rekening betaal word teen **31 Maart**, kry ouers 10% afslag.

4. **VRYSTELLING VAN SKOOLFOOIE**
   Volgens die SA Skolewet kwalifiseer sekere inkomstegroepe vir algehele of gedeeltelike vrystelling van skoolfooie. Kwalifiserende ouers moet **elke jaar** 'n nuwe aansoek indien **voor einde Maart.** Aansoekvorms is beskikbaar by die finansieskantoor (Mev. Antoinette van Heerden).

5. **KOSPRODUKTE VIR BEHOEFTIGE GESINNE:** 'n Groot aantal van ons leerders kom uit baie behoeftige gesinne. Die skool bedryf 'n voedingskema om vir ons behoeftige leerders op 'n daaglikse basis 'n maaltyd te voorsien. Ons verskaf ook voedselpakkies aan verskeie behoeftige gesinne, veral tydens vakansietye. Die skool is afhanklik van donasies vir hierdie projekte. Enige donasies van nie-bederfbare produkte sal waardeer word. Donasies vanaf besighede is ook welkom. Kontak asb die skool indien u kan help.

6. **SKOOLKLERE:** Skenk asb enige skoolklere wat te klein geword het vir u kind aan die skool. Dit word uitgereik aan ons behoeftige leerders. U kind se klasonderwyser kan in hierdie verband gekontak word. Skoolklere van junior leerders word by die skool verkoop – soggens 07:00 – 08:30. Kontak Ontvangs vir meer inligting.

7. **KONTAKBESONDERHEDE:** Stel asb die skool in kennis wanneer u selfoonnommer, epos adres of woonadres verander. Indien u nie van tyd tot tyd 'n bulk SMS ontvang nie, is u korrekte selfoonnommer nie op ons sisteem nie.

8. **ID DOKUMENTE:**
   Doen asb aansoek vir u kind se ID document sodra hy/sy 16 word. Hierdie proses neem dikwels lank en Gr 12 leerders kan nie vir matriek geregistreer word sonder 'n ID document nie.

9. **BELANGRIKE DATUMS: Neem asb kennis van die volgende belangrike datum vir die kwartaal:**

   2025/01/14: GR 4 en Gr 7 ouerdag

   2025/01/15: Gr 1 ouerdag

   Matriekuitslae (2024) beskikbaar by skool

   2025/01/17: Gr 12 ouerdag

   2025/01/23: BL Vergadering

   2025/01/24: Interhuis atletiek

   2025/01/25: Gr 12 ekstra klasse

   2025/01/29: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

Powered by CamScanner

2025/02/01: Gr 12 ekstra klasse

2025/02/04: Atletiek (nie-gestremd) Hugenote

2025/02/05: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/02/08: Gr 12 ekstra klasse

2025/02/12: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/02/13: Valentyns Dans

2025/02/15: Gr 12 Ekstra klasses

2025/02/18: Atletiek (nie-gestremd) Hugenote

2025/02/19: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/02/22: Gr 12 Ekstra klasses

2025/02/26: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/03/01: Gr 12 Ekstra klasse

2025/03/03: Gr 4 Kamp (3-5 Maart)

2025/03/05: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/03/06: Interskole Atletiek – Germiston

2025/03/08: Gr 12 Ekstra klasse

2025/03/11: Atletiek (nie-gestremd) – Boksburg

2025/03/12: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

**2025/03/13: OUERDAG (ALLE GRADE) 14:15 – 18:00**

2025/03/15: Gr 12 Ekstra klasse

2025/03/19: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/03/22: Gr 12 Ekstra klasse

2025/03/26: Revue oefening Gr 7-12 (14:00-16:30)

2025/03/27: Toyota Nationale Kampioenskappe for Gestremdes – Port Elizabeth

2025/03/28: Skole sluit

Groete

**DR. J.J. DE JAGER**
**HOOF**

Powered by CamScanner